

Voorwoord / Preface

Dit is gepas dat die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns die 500ste geboortejaar van Johannes Calvyn herdenk. Enersyds uit hoofde van die deurslaggewende rol wat die erfenis van hierdie Protestants-Christelike denker en Hervormer op die geskiedenis van Europa, Noord-Amerika, Suid-Afrika en selfs, tot 'n geringere mate, in Australië en Nieu-Seeland uitgeoefen het en andersyds uit die feit dat Calvyn se lewensbeskoulike nalatenskap nog steeds 'n invloed bly uitoefen op die voortgaande stryd tussen botsende kontemporêre lewensooruigings.

Tong-in-die-kies sou opgemerk kon word dat hierdie spesiale uitgawe uit *sewe* artikels bestaan wat die “feit” belig dat die simboliese betekenis van die getal sewe in die Bybel – *vier* stel die skepping voor (met die vier windrigtings daarvan) en *drie* die Drie-eenheid – dáárin weerspieël word dat *vier* artikels oor fasette van die skepping handel, terwyl *drie* oor die God van die skepping handel!

In hierdie spesiale uitgawe skenk Bennie van der Walt allereers aandag aan die werklikheidsbeskouing van Calvyn, opgevolg met 'n grondige ontleding van sy mensbeskouing. Gelees saam met die bydrae van die Gasredakteur blyk hieruit voldoende dat ook Calvyn 'n kind van sy tyd was – hoeseer hy ook baanbrekende werk verrig het ten opsigte van die in-ere-herstel van handewerk en op 'n kosmos-omvattende verstaan van die koninkryk van God. Laasgenoemde perspektief het teenoor die Roomse verkerklike van die lewe die ver-Christeliking daarvan vooropgestel. Die bydrae van Bob Goudzwaard belig hierdie visie met betrekking tot die betekenis van Calvyn vir die ontwikkeling van die sosiaal-ekonomiese lewe in Europa en wys onder meer daarmee op die tekortkominge in die Weber-tese – waarvolgens die Calvinisme die Kapitalisme tot gevolg sou hê. Veeleer betref dit wat Weber in gedagte gehad het die Britse Puritanisme wat gelei het tot 'n *binne-wêreldse askese* (“*innerweltliche Askese*”) – die spaar van geld sonder om dit te spandeer.

In die artikel van E.A. De Boer word vanuit primêre bronne nagegaan hoedat Calvyn in 1536 die eerste keer die openbare lewe betree het op basis van sy wetenskaplike agtergrond (vertroud met die Nuwe Testamentiese Grieks). Gepaard met sy kennis van Hebreeus en sy projek om Nuwe Testamentiese kommentare uit te gee, het hy ook die teologiese geloofwaardigheid van die Hervormingsbeweging help vestig. Dolf Britz en Victor d'Assonville se bydrae hang ten nouste saam met wat De Boer na vore gebring het, want hul analise van sy Romeine kommentaar bring aan die lig dat Calvyn se plan om 'n kommentaar op die boek Romeine te skryf in dieselfde tyd vorm aangeneem het as dié waarin hy by die disputasie van Lausanne (1535-1536) opgetree het. Hul argumenteer dat Calvyn 'n onafhanklike weg gevolg het wat verskil het van wat Bucer en Melancthon gedoen het – en wel deur die bedoeling van die skrywer na vore te bring in onderlinge tekssamehang en vanuit 'n perspektief op die wyse waarop dit in die groter geheelverband ingevoeg is.

Michael Beintker se insiggewende studie oor Calvyn se teologie van die Heilige Gees sluit op sy beurt ewe gepas aan by dit wat De Boer na vore gebring het. Sy trinitaries-teologiese perspektief weerspieël enersyds die grondlyn van 'n Bybelse teologie (skepping – sondeval – verlossing) en andersyds 'n erkenning van die implikasies van 'n Bybels-gefundeerde pneumatologie – naamlik eerstens die getuieniswerk van die Gees wat vanuit die perspektief van herskepping en verlossing relevant is vir die Skrif-hermeneutiek en vir die sakramente en tweedens in verband met die skepping en onderhouding van die kosmos waarin sy siening van die Heilige Gees in verband gebring is met die leer van die voorsienigheid van God.

Uiteraard word geensins gepretendeer dat hiermee in enige sin van die woord 'n volledige weergawe van die erfenis van Calvyn gebied is nie. Die toelig is meer beskeie, maar sal nogtans elkeen wat hierdie nommer met aandag lees in verlerlei opsigte tot nadenke stem en selfs tot 'n herwaardering van die erfenis van Calvyn bring. Sy verstaan van die onderskeid tussen God en skepping bly aktueel vir ons tyd van geestelike ontworteling en beklemtoon die duursame betekenis van sy nalatenskap, treffend beliggaam in die spreuk: *Deus legibus solutus est, sed non exlex* (hoewel God verhewe is bo die wette wat hy vir skepsele gestel het, is hy nie willekeurig nie – dit wil sê in Sy voorsienige trou hou hy Hom aan die wette wat Hy vir skepsel-wees gestel het).

DFM Strauss

Gasredakteur

10 Junie 2009

[Naskrif: Die bydraes van De Boer en Beintker verskyn in die formaat van die kultuurstyl van hul onderskeie akademiese agtergronde – bloot angesien die hoofdeel van Goudzwaard se artikel in Afrikaans verskyn, is die vormgewing daarvan omgewerk tot die verkorte Harvard-metode.]